

Maandag 19 Julie

Skrifgedeelte: Miga 6:9-16 ('53-vertaling)

Fokusgedeelte: Miga 6:9

Die Naam van die Here ontbloom ons onreg

Die Here sit die hofsaak voort, maar hierdie keer is die aangeklaagde die Suidelike Ryk. Daarom dat die Here die stad oproep. Die stad Jerusalem is immers waar die tempel van God staan en die naam van hierdie stad beteken "Stad van vrede". Tog is dit in hierdie stad van vrede waar vrede ontbreek. In die vredestad van die Here pleeg die ryk mense geweld, inwoners lieg en bedrieg en onregverdigheid is aan die orde van die dag (vs 10-12).

Dit is hierdie onreg wat die Here ontbloom in dié hofsaak. Tog word dit nie ontbloom net deurdat die Here dit noem nie. Die onreg word ontbloom deurdat die Naam van die Here gevrees word. Om die Naam van die Here te vrees, is om gevul te wees met 'n heilige ontsag vir die Here. Dit is om onbeskryflike respek vir die Here te hê.

Tog moet ons nie so vinnig lees oor die feit dat dit die Naam van die Here is nie. In die Naam van die Here is sy wese vervat. Die Naam van die Here is die openbaring van Wie God is. Dit is hierdie openbaring wat ons vind in die natuur en geskiedenis (algemene openbaring) en die Skrif (besondere openbaring).

Dit is in die besonder in die Woord waar ons God leer ken as die regverdige en heilige God wat in genade vir Hom 'n volk afgesonder het. Tog is dit hierdie einste volk wat hulle rug op die Here gedraai het. Tog, weer uit genade, maak die Here Homself aan hulle bekend en só roep Hy hulle op tot bekering. Sonder bekering is dit maar alleen geweldige oordeel wat oorbly (vs 13-14), want dit is tereg vreeslik om in die hande van die lewende, geopenbaarde God te val (Heb. 10:31).

Sing: Psalm 19-1:1, 4

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)